VRYWARINGSVORM

Toegang:

- Die reg van toegang tot die perseel van Babilu word te alle tye voorbehou.
- Alle persone en kinders wat Babilu betree, doen dit geheel en al op eie risiko.
- Alle persone wat Babilu se eiendom betree, die ouers van kinders en die partye tot hierdie ooreenkoms onderneem om die reëls van Babilu na te kom en bevestig dat hierdie reëls by die ooreenkoms ingelyf word as deel daarvan.
- Geen kind sal tot Babilu toegelaat woor alvorens die Vrywaringsvorm voltooi is nie.

Opvoedkundige besoeke/Algemene skoolaktiwiteite/Buite kurrikulêre aktiwiteite

Ek/Ons, _____, ouer(s)/voog(de)

van _____ (volle naam en van van kind) met

identiteitsnommer _____ (identiteitsnommer van kind)

verklaar hiermee die volgende:

- Ek is bewus daarvan dat Babilu van tyd tot tyd aktiwiteite mag reël soos instappies, opvoedkundige besoeke en ander aktiwiteite wat met die sentrum verband hou.
- Ek besef dat, alhoewel Babilu onderneem om alle redelike voorsorg te tref om die veiligheid van u kind te verseker tydens toesig ure, Babilu nie u kind se veiligheid en welstand ten alle tye kan waarborg nie.
- Ek gee hiermee toestemming dat my kind aan enige amptelik georganiseerde aktiwiteite van die sentrum mag deelneem. Indien ek bogenoemde goedkeuring wil kanselleer of indien daar wel enige beletsel is teen enige deelname aan aktiwiteite, sal ek Mev. Bezuidenhout skriftelik daarvan in kennis stel.

Ek gee verder toestemming dat:

- Indien my kind om enige rede hoegenaamd vervoer moet word d.m.v 'n voertuig, hetsy in die geval van 'n noodgeval, mag my kind deur 'n gemagtigde, gespesifiseerde persoon vervoer word.

- Indien mediese behandeling/chirurgiese ingryping vir my kind nodig mag wees en Babilu na redelike pogings onsuksesvol was om my, of 'n aangewese persoon, in die hande te kry, die betrokke sentrumbestuurder (Mev. Bezuidenhout) haar toestemming namens my mag gee tot mediesie ingryping.
- Ek verklaar dat sover ek weet my kind fisies in staat is om aan alle aktiwiteite van die sentrum deel te neem en dat my kind in redelike goeie gesondheid verkeer. Ek verklaar dat ek die sentrum in kennis gestel het van enige liggaamlike of fisiese gebreke van my kind, wat dalk sy/haar alledaagse funksionering mag beïnvloed.
- Ek vrywaar en stel lede van Babilu vry van enige skade, eise of aanspreeklikheid wat mag ontstaan weens skade of verlies van eiendom, liggaamlike beserings, siekte of dood wat my of my kind raak en wat verband hou met my kind se deelname aan aktiwiteite of bedrywighede van die sentrum.
- Ek aanvaar dat ek aanspreeklik gehou sal word vir enige betaling van uitgawes of mediese rekeninge in die geval van 'n besering van my kind.
- Ek is bewus daarvan dat indien my kind aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, die sentrum nie verantwoordelike gehou kan word vir my kind se veiligheid en welstand nie.

GETEKEN TE, _____ op hierdie _____ dag van

_____ 20_____ .

..... HANDTEKENING VAN VADER/VOOG	..... Volle naam en van	..... Identiteitsnommer
..... HANDTEKENING VAN MOEDER/VOOG	..... Volle naam en van	..... Identiteitsnommer